# *Een Van Die Wreedste Mans In Die Stad*

Broer Carlson, en eerbare gaste, Broer David duPlessis, en Broer Roy Weed, Broer Mattsson-Boze, en almal, ons is bly om vanmôre hier te wees, in die diens van die Here.

2 En ek voel net vol vanmôre om al hierdie wonderlike getuienisse te hoor, kyk hoe hulle die mense laat reageer. Ek het die getuienis van die alkoholis gehoor en Rosella dopgehou wat daar sit, om te sien watter effek dit op haar gehad het; hierdie Baptiste broer hier dopgehou, sy profesie wat God hom gegee het dat daar 'n beweging oor die volk sou kom, dopgehou hoe dit die mense laat reageer, die Heilige Gees hoor praat in tale en interpreteer, en vir ons sê ons is reg aan die einde, dit nou net hier is, en hoedat God hom daardie boodskap gegee het, en hom toe reguit daarin gebring het.

3 Sien, net hoe as ons net sou rondkyk en sien hoe wonderlik God beweeg, en doen net wat Hy gesê het Hy sou doen, hoe ons moet wakker skrik, en onthou, dit is nie in die toekoms nie, dis nou, net aanhou beweeg, net nou, net—net aanhou beweeg.

4 En hoor Broer David daar, ek is seker julle sal 'n paar groot dinge hoor vanmiddag by die middagdiens, soos Broer duPlessis. . .van wie ek nou die aand op die platvorm gepraat het, en toe gisteraand was hy daar, net daar, ek het geen idee gehad dat hy sou kom nie, maar was altyd 'n groot gemeenskap met my en Broer David, in hierdie wêreldreise en bediening in hierdie laaste dag.

5 En die Chicago-tak, hier, was so gaaf met my, en baiekeer was ek hier in hierdie gemeenskap, ek waardeer dit elke keer. Elke keer wat ek praat van Chicago toe gaan, wel, spring Billy en Leo, en almal van hulle net van vreugde, hulle net, hulle wil graag na Chicago toe kom. Hulle het net gesê: "Ons voel net so goed in Chicago, om een of ander rede." So, ons is baie bly.

6 Het hier 'n paar oomblikke gelede gedink aan 'n ware, groot vriend van my, Broer Roy Weed. Ek onthou hoe hy by my gestaan het in 'n uur van nood toe ek die eerste keer op die veld begin het, en hoe hy by my gestaan het toe hy nie nodig gehad het om dit te doen nie, maar, net God, uit die goedheid van sy hart reg by my gestaan het.

7 En elke keer wat ek dink aan die Gemeentes van God, of—of een of ander broer ontmoet, miskien, dat ek dink dat hy iets gedoen het wat nie net was wat hy moes gedoen het nie, en ek reken hy dink dieselfde van my, maar ek dink altyd aan Roy

Weed. Sien, ek dink daar dat ons . . . Sy ondersteuning gegee en by my gestaan binne 'n uur van, toe ek, daar 'n besluit geneem moes word, want ek het die besluit geneem op my beloofde woord, Broer Roy het gedink miskien voor sy broers mag dit 'n verleentheid of iets veroorsaak, toe het Broer Roy reg by my op die platvorm gestaan; sal hom nooit vergeet nie.

8 Dan dink ek nou dat ek, uh, die Here my gehelp het om vriende te hê, alles, ek 'n ander vriend mag sien wat ek ook so kan help, onthou van waar ek ook gekom het. Dink ons almal behoort dit te doen, die plek te onthou waar ons uitgekap is.

9 Nou, ons het nie genoeg tyd hier vir my om te preek nie, ons weet dit, want ek neem so lank daarmee. En ek het net gedink, ek wens party van die broers wou net daarbo bly, julle weet, sodat wanneer ek daarbo gekom het, ek net 'n getuienis kon gee en—en gaan sit. Maar nou, laat dit my tyd om 'n Skrif te lees, dink ek, om uit te kom. Ek sal nie . . . ons wil nie langer as elf bly, as ons dit moontlik kan help nie, want ek dink dis die tyd; Broer Carlson is so genadig.

10 Billy sit hier en maak hierdie keel skoon en lag vir my, want hy dink steeds nie ek kan 'n dertig minute preek preek, van die platvorm afkom nie. Maar, hy lag altyd vir my, want hy het gesê: "Pappa, ek weet," gesê: "nou, ek het jou daarbuite ontmoet vanaand, jy het gesê dertig minute, maar ek het die dertig minute dopgehou," gesê: "jy het nog nie begin, toe dertig minute aangebreek het nie."

11 Deur die Skrif te lees, sodat ons reguit daar kan inkom . . . En daardie wonderlike verwelkoming wat julle mense my gegee het, ek sal dit nooit vergeet nie, ek sal, sal nooit nie. En ek—ek sou enigiets vir julle doen.

12 Partymaal ek . . . Nou, hierdie is net soort van op ons tuismense hier, soos ons dit in die suide sê. Partymaal hoor julle my tugtig, en regtig, ek gaan huis toe en gaan sit, en tel partymaal een van daardie bandopnames op, en sê: "Sekerlik, het ek nie dit gesê nie. Sekerlik, kon ek nie dit gesê het nie." En—en dan dink ek: "Wel, wat ek gesê het, het ek gesê. En dit was—dit was onder inspirasie, sover ek weet, inspirasie, so ek is nooit skaam daaroor nie." En ek—ek bedoel nie om ooit enigiemand seer te maak nie, as dit my—my motief sou wees, dan is my doel verkeerd, julle sien. Ek—ek net . . . Ek—ek sou nie wees . . . om dit te doen nie.

13 Maar partymaal gaan ek daar op, dink: "Ek sal 'n teks lees . . . " Ek het omtrent vyf tekste hier waaroor ek vanmôre sou praat, julle sien, en ek—ek het gesê: "Wel nou, as ek dertig minute het, gaan ek *hieroor* praat; as ek twintig minute het, gaan ek *hieroor* praat; het 'n uur-en-'n-half, gaan praat *hieroor*."

14 En so het ek my dertig-minuut teks hier gekry vanmôre. Natuurlik, ek glo in vermenigvuldiging, julle weet, maar tyd is nie heeltemal lank genoeg nie, so, maar laat ons blaai, as julle

wil, oorkant in die Boek van Lukas, die 7de hoofstuk en die 40ste vers:

> *En Jesus antwoord en sê vir hom, Simon, Ek het iets om vir jou te sê. En hy* sê, *Meester, sê maar aan.*

15 In die wete dat die PA stelsel baie sleg is, en ek veronderstel julle kan my nou goed aan die agterkant hoor? Ons broer hier, wat hier gesit het, het 'n bekommerde uitdrukking op sy gesig gehad, want hy. . .het hom dopgehou en jammer gevoel vir hom, en dopgehou hoe daardie lied hom 'n rukkie gelede opgelig het, daardie suster wat gesing het, en hoedat daar genade is, ons glo dit, die verstommende genade van Christus.

16 En ek het gedink miskien dat ons vanmôre sou praat oor 'n onderwerp wat sou wees, miskien, net kortliks, soort van 'n klein dramatjie, meer soos, oor *Een Van Die Wreedste Mans In Die Stad*. Nou, dis nogal 'n teks om by 'n sakemansontbyt te neem. Maar miskien weet party mense nie net wat 'n regte wrede man is nie, so ons—ons wil graag van een praat.

17 Die son moes ondergegaan het toe die koerier gearriveer het. Dit was 'n groot dag gewees, en Jesus het vir die siekes gebid, gepreek, en, o, die mense het vergader net om te hang aan een Woord wat Hy gesê het. Ek sou graag daar wou gewees het. Ek het al dikwels gewonder hoe dit sou gewees het toe ek Hom sy arms hoor uitstrek, en sê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is." Ek sal miskien nooit eers lewe om die dag te sien wanneer hulle daardie vibrasie optel om te hoor hoe Dit klink nie, dan sonder om Hebreeus te ken, sou ek dit nie kon begryp nie. Maar ek hoop daardie Dag om Hom te hoor sê: "Dit was welgedaan, My goeie en getroue dienskneg."

18 En die skares was rusteloos, en daar is vir baie nie gebid nie, en hulle het gewonder waar Hy die volgende dag sou wees, want hulle het nie van een dag tot die volgende geweet waarheen Hy sou, die Gees Hom sou neem nie.

19 En die dissipels was moeg van die mense terugdruk, en sê: "As—as julle net nie sal druk nie, wees net eerbiedig, en ons Meester sal by julle uitkom net sodra Hy kan."

20 En hierdie koerier het gekom, en hy moes gepraat het met, kom ons sê, Filippus, en hy moes gesê het: "Ek het 'n—'n boodskap vir jou meester. Ek kom van 'n sakeman af, en ek moet hierdie boodskap by hom uitkry."

21 En Filippus mag iets soos hierdie gesê het: "Ons—ons Meester is baie uitgeput, meneer, want Hy was heeldag besig. Ons het met ons oë groot wonderwerke en tekens gesien wat God deur Hom gedoen het."

22 Maar die koerier was nie geïnteresseerd in wat die wonderwerke was nie, hy was net geïnteresseerd in wat sy meester hom gestuur het om te sê. Uiteindelik, het Filippus, as

’n Christenheer, sy pad deurgevleg met die koerier, totdat hy in die Teenwoordigheid van die Meester gekom het, en hy het gesê: “Hierdie jongman het ’n boodskap van ’n ander stad, waar daar ’n groot man is wat. . .met U wil praat oor sy meester.”

En ek kan die moeë, vermoeide oë van ons Here sien toe Hy omgedraai en gesê het: “Wat wil jy hê, sê?”

Ek het dikwels gedink: “Wat as ek daardie koerier kon gewees het?”

23 Maar hy het gesê: “My meester het jou ’n eer betoon: Hy hou ’n groot fees, en hy wil hê jy moet sy spesiale gas by hierdie fees wees. En ons wil graag hê julle moet ons belowe dat julle ons sal ontmoet op *so-en-so* ’n dag. Dis,” miskien: “’n jaarlikse geleentheid, en—en van al die mense, het hy jou gekies om te kom.”

24 Julle weet, ek glo as ek daar sou gestaan het so naby aan die Here Jesus, ek alles sou vergeet het van wat Simon vir my gesê het om te sê. Die eerste ding wat ek sou gesê het, sou wees: “Here, wees my, ’n sondaar, genadig.”

25 Maar dis hoe baie van ons raak, ons voel dat ons daaglikse taak en wat ons werk vereis, belangriker is as enigiets anders. En ek glo, as ons ooit in die Teenwoordigheid van God is, ons aardse aansien, ons aardse vriende, ons boodskap, of ons werk behoort laaste te wees, laat ons ons belydenis vir Hom maak.

26 O, ek sou graag wou neergeval het aan Sy voete daar, en gesê het: “Ek het ’n boodskap van my meester, maar eers het ek, ook, ’n boodskap: Wees my genadig, O God, ek’s ’n sondaar. En ek weet dat U die Seun van God is, en ek het verlang na hierdie geleentheid, en nou kniel ek hier by U voete, wees my genadig.”

27 Maar hy het, soos baie van die jongmense vandag, ander dinge in sy gedagte gehad. En hy wou die boodskap aflewer, en hy was moeg, en sy bene was gesweet van hardloop, en, om daar oorkant te kom, omdat hy nie geweet het waar die Meester die volgende dag sou wees nie, so hy het Hom eenkant in ’n hoek gehad in ’n sekere plek, dat hy met Hom kon praat.

28 Ek wil hê julle moet die—die houding oplet wat Jesus teenoor die man ingeneem het. Daar’s geen twyfel dat Hy gekyk het na daardie moderne tiener van daardie dag met respek, en geweet het dat hy miskien vergifnis van sy sondes moes gevra het nie. Maar laat dit wees soos dit wil, Hy, Sy hele groot skedule, Hy het geen aardse skedule gehad waarvan ek weet nie, maar net om die wil van God te doen in elke beweging wat Hy gemaak het, nie geweet presies waarheen die Vader Hom die volgende dag sou roep nie, maar was gewillig en gereed om te gaan, in Sy hele besige skedule en alles wat Hy moes doen, het Hy steeds Sy moeë oë gedraai na hierdie koerier, gesê: “Gaan, sê vir jou meester ek sal daar wees.”

29 Nou, sonder twyfel in my hart, en ek glo in baie van ons s'n vandag, dat Jesus geweet het wat vir Hom voorgelê het wanneer Hy daar gekom het nie, want Hy ken die geheime van mense se hart. En Hy het geweet dat Simon iets in die mou voer, want hoe kan 'n man, 'n Fariseër, enige gemeenskap hê, en Jesus wil sien, vir Wie hy gehaat het? Die Fariseërs het niks met Jesus te doen gehad nie.

30 En wanneer jy mense sien wat, soos daardie, dat, die mense van die wêreld wat jou iewers wil uitnooi na 'n partytjie, julle na 'n Kerspartytjie toe wil nooi, party van julle Christene wat vir die Here werk, en julle, hier moet werk vir julle daaglikse lewens, wanneer julle julle baas hoor, wat drink, rook, vuil grappe vertel onder die mense, wanneer hy julle oornooi na 'n sekere partytjie, voer hy iets in sy mou. Duisternis en lig het nie gemeenskap met mekaar nie.

31 Wanneer jy 'n dogtertjie van omtrent vyf jaar oud sien rondhang by ouma, is daar iets verkeerd. Sien? Nou, sy's óf ouma se witbroodjie, óf ouma het 'n klein sakkie lekkergoed iewers. Daar's 'n te groot verskil in hulle ouderdom, die dogtertjie wil oor poppies praat, ensovoorts, en ouma is 'n bejaarde vrou, sy het iets anders om oor te praat. So julle sien, die dogtertjie, soos ons sou sê, het êrens die kaartjie in die mou. Daar's iets waarvoor sy by ouma rondhang.

32 En wanneer die wêreld jou op die skouer probeer klop en sê: "Sal jy net *hiernatoe* kom?" of iets, is daar iets êrens verkeerd.

33 En Jesus het geweet toe hierdie Simon, Fariseër, Hom oorgenooi het na 'n banket, daar iewers iets verkeerd was, tog met dit alles, was Hy gewillig om te gaan. Hy's. . .Hy sal altyd kom waarnatoe Hy uitgenooi word, ongeag van die omstandighede en wat Hy weet sal gebeur, nooi jy Hom, sal Hy daar wees. Ja, jy kan daarop staatmaak.

34 Nou, hy het gesê, toe die tyd nader gekom het vir hierdie groot banket. . .Ek kan my voorstel om hierdie Fariseër te sien, wat ryk was. Daar was geen middelklasmense in daardie dae, soos in miskien in Indië en daarrond nou, dis regtig die armes en die rykes. Hulle wat regtig ryk is, is *ryk*, en hulle wat arm is, is uiters arm, daar's geen middelklasmense nie. En die rykes het al die geld gehad, die armes het niks gehad nie. En partymaal, wanneer hierdie ryk mense 'n banket kon gee, het hulle *regtig* 'n regte banket gehou.

35 So soos die tyd, vasgestelde datum, nadergekom het, dat Simon dit sonder twyfel so gereël het dat sy druiwe alles ryp sou wees, en daar 'n—'n lieflike geur sou wees oraloor die plek van die groot wingerde vol ryp druiwe, die bye wat gezoem het. En hulle sou hulle vetgemaakte lammers slag en braai. En hulle kon regtig die uitgesoekte wyne uitbring, en dit uitstal aan die

voorkant, en hulle ryk gaste uitnooi, en hulle het regtig 'n *lekker* tyd gehad, maar die armes kon nie eens in die hek inkom nie.

36 En toe, toe die dag aangebreek het, en die banket gereed was, en hulle. . . die diere geslag is, en die braaiputte gerook het met goed bewerkte vleis, lekker souse daaroor. Ek stel my die armes voor wat verbygaan, hulle lippe aflek.

37 Dan om na een van hierdie feeste te kon kom, moes jy uitgenooi word, 'n uitnodiging hê. En dan wanneer jy kom, wel, hulle altyd, hulle. . . moes jy verwelkom word wanneer jy kom. Wanneer. . . Iemand was daar om jou te ontmoet om jou—jou uitnodiging te neem, en hulle het jou op 'n lys gehad, wie veronderstel was om daar te wees, en "Hierdie is *So-en-so*," en jou naam afmerk, en: "het gearriveer."

38 En—en ek onthou, toe ek ondersoek het oor hoe hulle in daardie dae in die Ooste, mense onthaal het, hulle enigste reis óf per wa, óf per perde-aangedrewe, of—of te voet was. Die rykes kon in 'n koets ry, of wa, party het op 'n dier se rug gery, en ander het geloop.

39 En as jy geloop het, wel, hulle het 'n los kleed gehad, iets soos 'n bokleed, wat los hang, en onder daardie kleed het hulle 'n onderrok gehad. Want die loop, ensovoorts, die los kleed. . . Dan wanneer jy by 'n gastehuis kom, wanneer jy uitgenooi is. . .

40 Julle hoor waar die kerk, tog, ons doen dit nog steeds by ons kerk, Voetewas doen. Nou, hulle sê dis tradisioneel, maar tog is dit—dis 'n gebod. Hulle sê hulle het dit toe gedoen as 'n tradisie, en hulle het, maar Jesus het dit as 'n voorbeeld gelaat, en as Hy dan het, is dit 'n gebod. So toe ons, toe. . .

41 Die laags-besoldigste man by die werk was wat hulle die voete-was man genoem het, hy was eintlik net 'n kneg, hy het die—die minste geld van enige van hulle verdien, want by die huis het hy net die gaste se voete gewas wanneer hulle ingekom het.

42 Dan dink ek aan ons Here! Partymaal dink ons dat ons *iemand* is, toe die God van die Hemel Sy vorm van God verander het om mens te word, en Hy die posisie ingeneem het, nie van 'n koning nie, maar 'n voete-was kneg om Sy dissipels se voete te was, en om hulle af te droog met die doek waarmee Hy omgord was. Dan as ons nie die hoogste eer kry wanneer ons onthaal moet word, of, onthaal gaan word nie! Ons moet deur almal opgelet word. Dan dink ek aan ons Here, hoe Hy 'n voorbeeld vir ons gegee het om die laagste plek in te neem wat daar was, om die voete van die gaste te was.

43 En nou, hulle voete het vuil geword soos hulle geloop het, omdat hulle sandale gehad het, iets soos die Romeinse sandale wat hulle vandag dra, wat as hulle skoene beskou is, en dan ook, op hulle bene, want die onderrok het hoog opgekom. En soos die—die kleed gesleep het op die paadjies wat opgaan oor die berge. . .

44 Hulle het nie die breë paaie gehad soos ons vandag het nie, die diere het ook hierdie paadjies gebruik, kamele, en muile, perde, en verskillende maniere van reis. En langs die pad het dit stowwerig geword, en—en 'n stank in die stof.

45 En soos hulle in hierdie stof geloop het, het daardie kleed wat in die stof gesleep het, grond opgetel. En terwyl hulle gesweet het, wat die hitte van die Palestynse son baie warm is, en hulle sweet het geraak, hulle het taai geword, en hierdie reuk van die perd, en die diere langs die pad, het hierdie stof opgetel en op hulle gekom, hulle—hulle sou sleg ruik, omdat hulle geloop het, en hierdie stof wat aan hulle kleef.

46 Dan wanneer jy 'n gas na jou huis toe genooi het, die eerste ding wat gebeur het om hierdie gas te verwelkom, na die uitnodiging, eers moes hulle uitgenooi word, en dan, voor hulle regtig tuis kon voel, moes hulle voorbereid wees daarvoor.

47 Ek wens net ek het tyd gehad om uit te druk wat in my hart is oor ons wanneer ons 'n herlewing het. Ons nooi Hom, maar ek wonder of ons vir Hom sorg wanneer Hy kom, of stoot ons Hom eenkant toe?

48 Dan het die—die voete-was kneg, soos ek hom sou noem, wanneer 'n man na die deur toe gekom het, is dit die eerste man wat hy ontmoet het, want hy—hy was, het nie reg geruik nie, stof oral oor hom. So die eerste ding wat hulle gedoen het, was om sy sandale uit te trek, sy voete en bene te was, en dan sy sandale te neem en hulle neer te sit, en hom 'n ietsie, soos pantoffels te gee, 'n lappie wat hy oor sy voete gesit het om op die pragtige, ingevoerde matte van hierdie ryk mense se huis te loop.

49 En dan, die volgende ding wat hulle gedoen het, na die voete-was kneg, dan het hy op die mantel gekyk en het hy 'n bietjie parfuum gekry. En partymaal is dit baie, baie duur. En die gas het sy hande uitgesteek, en hy het die parfuum in sy hand gegooi, sy hande gewas, dit dan aan sy nek gesit, sy gesig en sy baard afgewas, dan 'n—'n handdoek geneem, dit afgevee, en partymaal het hulle nek gebrand.

50 En hierdie sekere parfuum was gemaak van 'n koninklike, duur (die ryk mense gehad het) wierook. Hulle maak aanspraak dat sommige daarvan selfs iets was soos dié wat die Koningin van Skeba vir Salomo gebring het. Dit word ver bo in die berge gevind, baie skaars, hulle maak dit van 'n klein botseltjie van 'n roos, wat 'n appel word. En hulle moet hoog klim, en dis baie skaars om hierdie parfuum te maak wat die ryk mense gebruik om—om hulle gaste te salf wanneer hulle inkom.

51 En dan, het hulle die handdoek geneem en sy gesig afgevee, en sy nek sou koel voel, en sy voete was skoon, en hy was uitgerus. Hy het meer gevoel om die meester van die huis te ontmoet. Dan het hy na die volgende kamer toe gegaan, en wie het daar gestaan, behalwe die meester van die huis.

52 Dan was dit. . .Hulle sou hulle ontmoet (Staan net 'n oomblik op, Broer.) iets soos hierdie: Wanneer die gas ingekom het, nou, sou hy nie voel om die meester van die huis te ontmoet as hy was, sy voete vuil was, en sy liggaam gestink het van die, geruik het soos die diere wat die paadjie oorgesteek het, en sy voete wat baie seer en stowwerig was, en sy nek wat gebrand het nie. Hy sou, nadat hy gewas was, en—en was, die stank van hom af was, en die, hy geparfumeerd en skoon was, sou hy die meester ontmoet.

53 En dan sou hulle hulle hande uitsteek, en mekaar aanraak soos *hierdie*. En dan, wanneer hulle het, het hulle mekaar gegroet met 'n soen op beide kante van die nek, sien, so dan het hulle (Staan 'n oomblik op.), soos *hierdie*, mekaar gesoen op beide kante van die nek. (Vergewe my. Ek moes die res van die demonstrasie voltooi het.) En dan, nadat hy gewas en geparfumeerd was, sy nek sonder die stof daarop, sonder die reuk van mis, maar sy parfuum wat daarop was, dan die, het hy vars gevoel, sodat die—die een wat hom genooi het, *vrymoedigheid* gehad het om hom op die nek te soen.

54 En dan wanneer hy hom die soen gegee het, was die soen die verwelkoming: "Kom in, alles, maak jouself net tuis," wanneer hy hom gesoen en hom gegroet het, "kom in, alles is joune, jy's nou een van ons, jou voete is gewas, en jy's—jy's geparfumeerd, en versorg, en nou het ek jou welkom gesoen, nou, kom net in my huis in, en gaan net na die yskas en kry iets om te eet, gaan lê, doen wat jy ook al wil, jy's nou net tuis, want ek het jou verwelkom."

55 Hoe het daardie voete-was kneg Hom ooit laat verbygegaan? Ek wens dat ek daar kon gewees het, ek—ek—ek sou vir Hom uitgekyk het. Ek sou 'n spesiale bak water gereed gehad het vir Hom. Ek sou Hom graag wou ontmoet het. Ek weet nie, iets moes gebeur het, hy was—hy was nie daar nie, hy het Hom gemis. En niemand het Hom gesoen nie, niemand het Hom gewas nie, niemand het Hom versorg nie, niemand het Hom verwelkom nie, maar Hy het in elk geval gekom, want Hy was genooi.

56 Ek wonder, partymaal wanneer ons Hom nooi, dink ons aan daardie dinge? Verwelkom Hom, moenie skaam wees vir Hom nie. Net wanneer Hy in jou hart inkom, aanbid Hom. "Here, kom na my hart," dan wanneer Hy kom, is jy skaam, omdat jy in die teenwoordigheid van iemand anders staan? Wanneer jy iemand Sy kosbare Naam ydelik hoor gebruik, is jy skaam om nader te stap en te sê: "Moet dit nie doen nie, dit maak my so seer, Dis my Meester, wie Sy Naam jy so ydelik gebruik." Ek wonder of ons Hom regtig verwelkom? Ek hoop ons doen dit.

57 Daar's soveel vandag, wat Hom na die stad sal nooi vir 'n herlewing, en dan kan Hy kom, en dan sê hulle net: "O, vermy daardie goed, daar's niks daaraan nie." Ons vra Hom, maar ons

verwelkom Hom nooit nie. Partymaal, miskien, dink ons Hy sou sê iets wat teen ons geloof sou wees.

58 Waarom was Simon nie? Waarom was hy nie geïnteresseerd in Hom nie? Hoe het hulle Hom gemis? Maar daar sit Hy oorkant in die hoek, net soos 'n muurblom, Sy kosbare, koppie onderstebo, almal wat verbygaan. O, hulle was geïnteresseerd in die sake, en die pastoor was daar, en hulle het hulle sosiale byeenkomste en hulle praatjies gehad, maar wat van arme Jesus? Wel, Hy was nie welkom nie, Hy . . . niemand . . . Wel, Sy—Sy voete was nie eers gewas nie. Daar was 'n stank, Hy was onbeminlik, Hy was onwelkom.

59 En ek wonder, partymaal, op hierdie groot, pragtige weg wat ons heiligheid, soetheid noem, ek wonder of die lewens, partymaal, wat ons aan die mense aanbied, Hom nie ook net 'n bietjie onwelkom maak nie, as gevolg van ons karakter, dat ons nie net reg lewe nie, die regte soort persoon om Hom te verteenwoordig, wat terugstaan, en toegee, en lafhartig op *hierdie* manier en *daardie* manier. As Hy na ons huis toe sou gekom het, behoort ons dankbaar te wees, daardie Vreemdeling van Galiléa.

60 Maar daar was Hy, wat oorkant in die hoek gesit het, tog Sy besige skedule verlaat het, en Hy was net betyds daar. Jesus kom nooit nie 'n afspraak na nie, Hy kom hulle almal na, jy kan daarop staatmaak. Wanneer Hy 'n afspraak maak, is Hy daar om dit na te kom.

61 En daar's een afspraak wat ons almal gaan nakom, want Hy het dit gemaak met almal van ons, dis by die Oordeel. Hy gaan daar wees, en jy gaan ook, ons gaan almal daar staan.

62 Maar hier was Hy oorkant in die hoek. Wanneer ek partymaal daaraan dink, laat dit my hart net snaaks voel, ek dink: "Jesus, wat in die hoek sit, met vuil voete." Soos die Fransman Hom noem: Jésus. Jésus met vuil voete. Klink ontheiligend, maar dis hoe Hy was, dis hoe hulle Hom gelos het, dis hoe hulle Hom laat sit het: met vuil voete. 'n Eregas, veronderstel om te wees, en hulle was *so* besig met hulle doen en late, dat Jesus met vuil voete gesit het. Ek wonder of ons nie vandag so geïnteresseerd is om te sien dat ons groep groter word as die ander, dat ons Hom net so laat sit nie. Maar Jesus, met vuil voete, onwelkom.

63 Daar was 'n vroutjie in daardie stad wat haar lewe op 'n baie slegte manier gemaak het, sy was 'n vrou van die—die rooilig, die, prostitusie, julle verstaan. En miskien het sy 'n bietjie laat daardie oggend op straat gekom. En sy het haar klein Romeinse denarie getel wat sy gespaar het, miskien om eendag vir haar 'n beter rok te koop. En die manier wat sy haar geld gemaak het, was ontug.

64 Sy het 'n slegte naam onder die mense gehad, tog laat ons dink sy was net 'n jong vrou wat uitgegooi was op die straat, nie

omdat sy misdadig was nie, miskien, maar omdat sy misdadige ouers gehad het, hulle nie vir haar probeer sorg het nie. Dis waarom baie van hulle vandag op straat is: Nie jeug nie, dis ouermisdadiger.

65 Het vanmôre gehoor toe ek my kamer verlaat het, dat vyf kindertjies gisteraand in Chicago omgekom het in 'n brand, omdat 'n moeder 'n klein tienermeisietjie gelos het om dop te hou, en die huis het afgebrand, haar kinders verbrand, iewers buite by 'n partytjie.

66 Ek en my vrou het gister in die straat verbygegaan, en omtrent vier kindertjies sien sit in 'n motor, en die oudste dogtertjie was nie ouer as omtrent sewe jaar oud nie, saam met 'n suigeling. Een van die seuntjies wou saam met sy Mamma gaan, en sy klim uit die motor, en steek 'n sigaret op, en die deur toegeklap, gesê: "Sit jy daar," en in die stad het sy ingegaan, in 'n kroeg ingegaan. En 'n sewe-jaar-oue kind, in die strate van Chicago, 'n baie besige straat, laer Lincoln, en wat daar sit, daar in daardie motor saam met 'n babatjie, suigeling, en daardie wind wat so sterk gewaai het, ek het amper self gevries. Ek weet nie, partymaal dink ek dis die ouer se fout.

67 Miskien is hierdie dogtertjie grootgemaak in 'n huis soos daardie, en is sy net op die straat gelos. Sy 'n moeder gehad het wat gebid het, soos hierdie alkoholisbroer gehad het, kon dinge anders gewees het, hy het gesê sy moeder het vir hom gebid.

68 Laat ek dit sê: Toe die Romein bekeer is, Paulus. . . die Filippynse tronkbewaarder, onder by Filippi, hy het gesê: "Wat kan ek doen om gered te word?" Meeste van ons sou vir hom sê wat om nie te doen nie: ophou drink, ophou steel, ophou lieg, ophou rook. Maar dit was nie sy vraag nie: "Wat moet ek *doen*?"

Paulus het gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy en jou huisgesin sal gered word."

69 Sê: "Wanneer 'n man gered word, red dit sy huis?" Nee, maar as hy genoeg geloof het om self gered te word, het hy genoeg geloof dat sy huis ook gered sal word, dieselfde geloof wat hom gered het. Dis wat daardie moeder gedink het, lank gelede al in die graf, maar haar gebede is pas beantwoord.

70 Misdadige moeder en misdadige vader maak 'n misdadige kind. Miskien, laat ons sê, hierdie dametjie het 'n vader en moeder gehad wat nie vir haar omgegee het nie, en sy het op straat in die verkeerde geselskap beland. Toe sy het, het sy 'n uitgeworpene geword, niemand het vir haar omgegee nie.

71 Hierdie predikertjie wat hier sit, nou hierdie nota maak, toe hy my vertel het, dat hy omtrent veertig hoeke hier in Chicago gehad het waarop hy gepreek het, of mense gestuur het om op te preek, God seën daardie seun. Gee ons daardie ou straatdienste, dis hoe jy hierdie dronkaards en dinge inkry. Party van ons raak te hoog en deftig om meer op die hoek te staan, af te gaan in die

krotbuurte. Jesus het gesê: "Gaan na die lanings, en paaie, oral, dwing hulle; die uur is op hande."

72 Maar hoe, miskien, in daardie dae hulle nie een op straat gehad het, daaronder in haar stad nie. Maar sy het uitgekom, nadat sy die deur gesluit het, en afgekom teen 'n klein, krakende trappie agter in 'n stegie, en uitbeweeg, haarself versorg om die publiek te ontmoet, en, vir meer geld deur die dag, van haar manier om haar lewe te maak. En die vreemde ding was, daar was niemand op die straat nie, almal was skynbaar weg. So soos sy verder in die straat afgegaan het, wel, het sy gewonder: "Watter soort vakansie is dit? Wat is verkeerd? Die mense is almal weg om die een of ander rede."

73 En sy het die geur van daardie gebraaide lam geruik wat deur die lug kom, en miskien het sy vir 'n paar dae nie geëet nie, probeer om van haar geld te spaar om vir haar 'n ordentlike rok te kry. Sy het daardie geur geruik, en sy het gesê: "O, iemand moet 'n—'n fees hou." En sy het dit gevolg totdat sy naby gekom het. En buitekant die tralies van die groot, mooi herehuis waarin Simon gewoon het, waar, die fees aan die gang was, het die arm mense daar gestaan, *geruik*, die geur ingeasem en hulle lippe afgelek. En die rykes was daarbinne, wyn gedrink, gereed gemaak vir hulle middagete.

74 En hierdie vroutjie het haar pad deurgedruk, en toe hulle haar sien kom het, sou hulle natuurlik terugstaan, want sy was 'n slegte karakter. En sy het uiteindelik voor gekom, totdat sy deur die tralies kon inloer, om te sien of sy net 'n—'n kykie daarvan kon kry, wat daardie bevredigende geur afgegee het, om na die braaiput te kyk om te sien hoe die lam gebraai is, en net te dink dat sy eenkeer in haar lewe kon gaan aansit vir 'n ordentlike maaltyd nie. En miskien het sy haar mooi hare geneem en dit opgedoen, julle weet, want sy was buite op die straat.

75 En soos sy oral rondgekyk het deur die gehoor, het sy vir Simon, die Fariseër, daarbo sien staan, met sy toesprake voor die hooggeplaastes van die stad, hier is Doktor, Ph.D., LL.D. Jones, en die pastoor, en hier's sy medewerker, en hier's al die hooggeplaastes van die verskillende stede, wat daar staan, julle weet, *groot* en waardig.

76 Sy het gedink: "O, kyk daarna, hoe die rykes dit alles het!" Rondgekyk, sy het gedink: "Wel, ek sal jou sê, dis. . .hulle nooi altyd, natuurlik, die, hulle eie klas, en ons het nooit 'n kans nie."

77 Maar naderhand het haar oë op die hoek geval, daar het 'n ongemerkte Persoontjie gesit. En sy kon sien dat die stof op Hom was: "Wel, hoe het Hy daar ingekom? Wonder Wie dit is." Sy kop was onderstebo, niemand het enige aandag aan Hom gegee nie. Sy het gedink: "Wel, wonder hoe Hy ooit ingekom het. Wel, Hy moes ingeglip het sonder om genooi te wees. Sy voete is nie gewas

nie, Sy—Sy—Sy wese, Sy gesig is nie versorg nie. Niemand gee enige aandag aan Hom nie. Ek wonder hoekom."

78 En soos sy gekyk het, het Hy Sy kop opgelig, haar oë het Syne gevang. Julle weet wanneer dit ooit gebeur, gaan *iets* aan. Sy het Hom in die gesig gekyk, sy het gesê: "Ek het nog nooit enigiemand net so sien lyk nie. Wonder Wie Dit kon wees. Ek wonder!" En miskien, iemand wat daar staan. Sy het gesê: "Waarom sit daardie Man daar?"

Wel, hier's een van die, Simon se kerklidmate wat net nader gekom het, so hy mag gesê het . . .

"Hoekom is dit . . . ?"

"O, verstaan jy nie? Ons gaan 'n bietjie pret hê, vandag, met hom. Simon, ons meester, hy het hom hierheen genooi. Weet jy wie dit is?"

"Nee. Ek wonder."

"O, dis daardie Galilése profeet, genaamd Jesus van Násaret."

En toe daardie Naam daardie klein prostituut se hart getref het, het sy gesê: "Jesus van Násaret?"

"Ja."

79 En sy het agter in die hoek gekyk, en daar het Hy gesit, en sy het gesê: "O, om te dink dat Hy genooi is, en Hy nie versorg is nie, Sy voete ook nie gewas nie! Ek onthou dat hulle my vertel het dat 'n vrou in die straat ingesleep was, of, in die straat ingesleep is vir prostitusie, om gestenig te word soos ek—ek sou wees, en Hy al haar sonde vergewe het. As ek net iets vir Hom kon doen, miskien sou Hy my my sondes vergewe. Maar wat kan ek doen? Ek kan nie eers by die hekke inkom nie. As ek net by Hom kon uitkom, sou ek Hom graag wou vra om my te vergewe."

80 So sy het gedink: "Hy's nie gesalf nie, Hy is ook nie gewas nie, en Hy is ook nie verwelkom nie. As ek net Sy aandag kon trek, sou ek Hom verwelkom. As Hy net met my sou praat, sou ek Hom verwelkom."

81 So sy draai om, en glip in die straat af, af, op teen die krakende trappies aan die agterkant. Sy het aan iets gedink, sy het onder in haar kous gekyk wat sy toegesluit het, en sy het hierdie stukkies Romeinse silwer opgetel, en sy het gedink: "O, ek kan dit nie doen nie. As ek gaan en hierdie albaste koop, wel, Hy sou presies weet hoe ek daardie geld gekry het, want hulle sê vir my Hy's die Messias, en ek glo dit, en as Hy die Messias is, sal Hy weet dat ek die verkeerde soort persoon is."

82 En sy het die geld geneem en dit begin terugsit in die houer, maar Iets het gesê: "Hierdie is jou geleentheid, jy mag dit nooit weer kry nie."

83 So dis ’n les: Moet nooit daardie eerste geleentheid wegwys wat jy Hom ooit kan ontmoet nie. Maak nie saak wat die prys is, hoeveel jy moet bely jy’s verkeerd nie, doen dit nou, want dit gaan in elk geval by die Oordeel bekend gemaak word.

84 Sy het die bietjie silwer geneem wat sy gespaar het, sy het gesê: “Maar dit is al wat ek het, maar wat maak dit saak, solank ek by Hom kan uitkom!”

85 In die straat af gaan sy, en sy gaan in die parfuumwinkel in, en hier kom hierdie een uit wat, hy het nie na die fees toe gegaan nie, natuurlik, want hy het gedink hy sou ’n transaksie iewers misloop. Julle weet, die een wat gesê het: “Wat help dit, as ons Josef hier in die—in die gat los? Kom ons verkoop hom, maak ’n bietjie geld daaruit.”

86 Uitgekom, sy het aan die toonbank geklop, en hy het uitgekom en gesien wat dit was, hy het begin omdraai, maar sy het hierdie Romeinse denarie uitgegooi op die . . . O, sekerlik, geld, enigiemand kan nou inkom. Hy wou haar nie in sy besigheidsperseel gehad het, tot hy uitgevind het sy het ’n bietjie geld gehad nie, toe, toe sy geld gehad het, o, wel, dis anders, julle sien: “Wat wil jy hê?”

87 “Ek wil die beste hê wat jy het. Ek wil hê, nie net ’n gewone albastefles van hierdie *salf* nie, ek wil die beste hê wat jy op die toonbank het. Dis vir ’n spesiale geleentheid.” Dis wat jy vir Jesus moet gee. Neem jou eerste geleentheid om by Hom uit te kom, en gee vir Hom jou beste. Gee vir Hom jou hart, gee vir Hom alles wat jy het, want Hy mag dalk nie weer hier verbygaan nie, laat ons alles doen wat ons kan vir Hom terwyl ons kan.

88 Sy kry die albastefles onder haar arm, en op in die straat gaan sy, en sy kom by die tralies, en daar was Jesus met vuil voete, wat steeds gesit het, niemand wat enige aandag aan Hom gegee het nie, sy het gedink: “Hoe kan ek inkom?”

89 Na . . . Net ’n paar minute voor die heildronke gemaak is, en die goeie, spoggerige wyne gedrink is, en alles, moes sy gesien het die voete-was kneg was weg, so sy het ingeglip, omgeglip aan die agterkant. Julle weet, daar’s iets daaromtrent, as jy ooit na Hom kyk, jy enigiets sal doen om by Hom uit te kom, ek gee nie om wat dit is nie. Jy onder die agterkant van die tent moet inglip of wat ook al is, jy sal iets doen om by Hom uit te kom, as Hy jou ooit in die oë kyk, en jy kan sien Wie Hy is.

90 En sy glip in aan die agterkant, en sy glip om deur die skare, hou enigiemand . . . want sy was, het ’n slegte naam gehad. Wel, Simon sou haar oor die heining laat gooi het, so, maar sy was vasbeslote, maak nie saak nie, sy sou in elk geval ’n poging aanwend.

91 Partymaal mag die kerk dink as jy afgaan na hierdie klomp holy-rollers toe, dat jy by die deur uitgegooi sal word. Wel, watter

verskil maak dit? Solank jy by Jesus kom, dis die hoofsaak, dis die hoofsaak.

92 Sy het afgekom langs die kant, langs die muur, en hier het Hy daar gesit met Sy kop onderstebo, Sy hare vol stof, en Sy—Sy gesig vol stof, Sy baard vol stof, Sy voete met Sy ou loopsandale aan, Sy bene stowwerig en stink. Ek kan haar sien neerval aan Sy voete. Sy het op die regte manier gekom, sy het neergeval aan Sy voete.

93 Sy het opgekyk na Hom, sy het bang geword, sy het gedink: "Wat—wat as Hy—wat as Hy sê: 'Wie is jy? Wat maak jy hier?'" Maar ek kan Hom net Sy voet sien uitsteek. Hy het geweet sy sou kom.

94 Sy het gesê: "O, as Hy—as Hy na my kyk en weet ek's 'n prostituut!" Hy weet dit in elk geval. "Maar ek wil graag iets vir Hom doen. Ek wil Hom graag my waardering wys, want ek glo Hy is God. En ek wil iets wys, 'n bietjie waardering."

95 En toe sy opgekyk het na Hom, en Hy gekyk het, het sy geweet dat sy aan die voete van Jesus was, die yslike groot trane het teen haar wange begin afrol. Sy het Sy voete gestreel. Sy was aan die voete van haar Here. Sy het Sy voete begin streel, en die yslike groot trane van belydenis het begin afrol, wat op Sy voete gespat het. Sy was so dankbaar om aan Sy voete te wees.

96 En sy het gekyk, en Sy voete het nat geword van haar trane, sy het gehuil met haar kop onderstebo, haar—haar mooi krulle moes oral geval het soos *hierdie*, sy het geen handdoek gehad nie, en haar klere was te vuil, waarskynlik, om Syne te was, of, Sy voete af te vee, so sy het net haar hare geneem en Sy voete begin was, en *gesoen*, *gesoen*, Sy voete gesoen; sy was dankbaar. O, hoe ons net so behoort te voel! Nie een of ander trotsaard nie.

97 Baie van ons Pinkstersusters sou op hulle kop moes staan om dit te doen, hulle het al hulle hare afgesny. Maar haar hare, sy het Sy voete gewas, hulle gesoen. O, sy was aan die voete van haar Here, het Sy voete gesoen.

98 En naderhand het Simon omgedraai en gekyk: "*Hmm!*" Goeiste, sy gesig was kwaai, en. . . "Nou, kyk wat is in my huis! Ek het hierdie holy-roller hiernatoe genooi, en kyk wat, sy—sy eie soort het gekom, daar's voëls van eenderse vere." Hulle het steeds daardie selfde idee, ek is so bly.

99 Ek wil. . . wil trane hê om te was. . . Watter pragtige water: trane van belydenis wat die voete van Jesus was, trane wat afgerol het van die wange van 'n ontugtige vrou, wat die voete van Jesus was. Soetste water wat Hy ooit, Sy voete ooit mee gewas is, trane van belydenis wat op Jesus se voete afgeval het.

100 Hierdie pragtige jong vrou wat daar sit. Simon het omgedraai, hy fluister oorkant aan sy sekte, gesê: "Sien julle? Dit wys watter profeet hy is. As daardie man 'n profeet was,

sou hy geweet het watter soort vrou Sy voete gewas het.” Jou ou skynheilige! Dink julle Hy het dit nie geweet nie? Gesê: “Jy sien, ek het vir julle gesê hy was nie ’n profeet nie.”

101 Sien, hulle het hulle eie idee gehad van godsdiens, hulle het hulle eie idee van God gehad, maar dit was ’n miljoen myl van die regte ding af. Dis hoe dit vandag is: “Ons het ons self-gemaakte geloofsbelydenisse en ons gedagtes daaroor. Solank ons Metodis, Baptis, Presbiteriaan, of Pinkster is, is dit goed.” Maar vir my, sal ek trane van belydenis neem. Neem my lewe en alles wat ek het, om te help om daardie vuil naam van holy-roller weg te was van daardie ware Here Jesus, daardie ware Seun van God. Daar word vandag aan Hom gedink as een of ander fanatikus, ’n telepatie, of een of ander verstandelik-versteurde persoon.

102 Laat my in my lewe, nie net my trane uitstort nie, maar my hart, en alles wat in my is, staan en probeer lewe wat reg is deur Sy genade, nooit toegee op daardie pragtige Evangelie, daardie Heilige Gees wat my gered het nie. Noem Dit wat julle ook al wil, vir my, is Dit Jesus. En die wêreld laat Hom sit met vuil voete, met ’n vuil naam as *holy-roller*, een of ander persoon met verkeerde gedagtes, of iets, is die enigste soort wat Hy kry, dis wat hulle dink.

103 Simon, rooi in die gesig: “Ha! Kyk hier, ons het hierdie holy-roller hier gehad om ’n bietjie te kry, ons het gedink ons sou ’n bietjie vermaak uit hom kry, ek sou bewys dat hy nie ’n profeet was nie. Noem homself ’n *profeet*, hy’s net ’n telepatis. Hy’s net besete van die duiwel, hy’s ’n fortuinverteller. En dit bewys my punt, daar sit hy, daar in die hoek, en sy eie soort saam met hom. En daar het hierdie ontugtige vrou, daar gestaan, Sy voete gewas.”

104 Miskien is die voete-was kneg beveel om nie Sy voete te was nie, net sodat Hy hulle kon vermaak. Baie mense kom na ons dienste toe net om te lag, dink Hy kan hulle vermaak. Hy ken jou hart, jy sal eendag voor Hom staan, sondaar.

105 Hier het onlangs ’n groep mense aan die agterkant vergader, studentepredikers, en elke keer wat ek sou begin preek, sou hulle sê: “Halleluja, prys die Here, halleluja,” wat nie weet dat daardie selfde God wat hulle bespot, eendag hulle Regter sal wees nie. Reg.

106 Maar sy het voortgegaan, maak nie saak wat Simon gesê het nie. Nou, Simon wat sy keel skoonmaak, en rooi in die gesig, en sy regverdige verontwaardiging het opgekom, en hy was gereed om te ontplof, het die aandag van al die mense getrek, soos hy omgedraai en regop gekom het: “*Hmm!*” Selfregverdige Fariseër, skynheilige, kerklidmaat, dis die gemeenste skelm waarvan ek weet, is ’n ou mos-rug skyngelowige. Hy’s wreder as al die prostitute en tiener-afpersers wat daar in die land is, hy sal

mense verder van God af wegdryf as enigiets anders, elke kroeg wat daar op straat is.

107 Daar sit Hy daar. En dan staan sy op, en sy het die albastefles geneem, en sy probeer dit breek. Sy's nou senuweeagtig, want wanneer sy opkyk, kyk Hy reguit na haar. Moenie bekommerd wees nie, Hy hou jou ook dop, Hy kyk net nou na jou. Ons kan net Sy deurdringende Teenwoordigheid voel. Sy was senuweeagtig, sy het probeer om—om die prop af te breek, sy het net die prop afgebreek, en dit net op Sy kop uitgegooi, Hom begin salf.

108 O, die hele skare het gekyk, "Ja, kyk daar. Daar is hy, ons het hom nooit tevore opgelet nie, hy sit in die hoek, 'n prostituut by hom."

109 Ek kan Simon hoor sê: "Het ek julle gesê? Uh-huh. Daar's julle profeet, daar—daar's hy. Sien? Hy sou weet met watter soort skare hy assosieer."

110 O, hoeveel keer is dit al in my gesig teruggegooi! "Broer Branham, as daardie 'n gawe van God was, sou jy nie by daardie klomp Pinksters gewees het nie." Hulle is dié wat dit ontvang, hulle is dié wat dit glo.

111 Nou die dag het ek met 'n man van die Metodiste kerk gepraat, hy het vir hom 'n tesis oor Goddelike genesing kom skryf, hy het gesê: "Waarom kom jy nie na die Metodiste kerk toe nie?"

Ek het gesê: "Hoekom nooi jy my nie?" Ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Ek's 'n pastoor."

Ek het gesê: "Wel, kry jou diakens, en jou raad bymekaar, en jou staatspresbiter, en hulle almal bymekaar, en kyk of hulle my sal nooi."

Hy het gesê: "O, hulle sou dit nie doen nie, Broer Branham."

Ek het gesê: "Dis wat ek gedink het."

Hy het gesê: "Die enigste ding wat hulle teen jou kan hou, is jy's 'n Pinkster, jy het die Baptiste kerk verlaat en 'n Pinkster geword."

112 Ek het gesê: "Dis die een wat dit ontvang." Dis reg. Hulle is dié wat gewillig is om Jesus se vuil voete af te vee, die Naam van Jesus te verduur, die smaad.

113 "Daar, as hy 'n profeet was, sou hy verstaan met watter soort persoon hy assosieer."

114 So nou raak sy bang wanneer sy almal sien, dit alles stil raak, en almal staan en kyk. Ek kan die verenigingsvroue sien, julle weet, met daardie bril uitgesteek soos *hierdie*, julle weet, al die hoogwaardigheidsbekleërs wat staan, kyk, julle weet, met hulle uitgerekte nekke. Jesus gee geen aandag aan hulle nie, Hy kyk wie Hom bedien. Hy gee nie om hoeveel Ph.D.'s jy het, of LL. D's

nie, Hy gee nie om aan watter vereniging jou kerk in die stad behoort nie, Hy wil iemand vind wat Hom sal bedien.

115 Of hulle nou wit of swart, geel, bruin, arm of ryk, slaaf of vry, manlik of vroulik is, Hy wil iemand hê wat Hom sal bedien. Hy's in die . . . Sy saak is behoeftig vandag, dit moet gewas word. Hy gee nie om hoeveel organisasies ons het, hoeveel groot manne ons grootmaak, hoeveel skole ons bou nie, Hy wil hê moet Hom bedien, iemand wat die lewe sal lei, iemand wat getuig dat hy die Heilige Gees het, om 'n lewe bo verdenking te lei, dis reg, iemand om die lewe te lei wat kan voortbring. En hulle praat van Jesus, bring dan Jesus voort. Iemand wat sal help om die stof van die naam van Pinkster af te was.

116 Die vrou was bang, sy het gedink: "O, wat het ek nou gedoen?" Miskien, en ons sien Hom dan . . . As Hy een toon beweeg het, sou sy opgespring en daar uit gewees het, soos *dit*. Maar Hy het nie, Hy het net heeltemal stil gehou en haar dopgehou, Hy het net dopgehou wat sy gedoen het.

117 Nou, toe dit stil geword het, wonder sy: "Wat het nou gebeur?" En sy kyk op: "Wat gaan Hy sê?" Ek sien Hom opstaan, Hy staan op. Sy's op die vloer, haar mooi hare is reg rondom haar gesig, die trane het afgeloop teen die strepe van haar gesig, haar yslike groot oë het opgekyk na Hom: "O, gaan Hy my uitgooi? Wat gaan Hy doen vir hierdie diens? O, ek wou dit net doen, want ek—ek weet Hy het eenkeer 'n vrou soos ek vergewe. En ek weet Hy's God, en—en as ek net iets kon doen! En omdat ek dit gedoen het, o, ek is bang wat gaan gebeur."

118 Staan op, Hy kyk rond, Hy het gesê: "Simon, Ek het iets om vir jou te sê." O, halleluja! "Ek het iets om vir jou te sê. Jy het My hiernatoe genooi as jou Gas, en Ek het My herlewings verlaat om jou Gas te kom wees. Ek het hulle verlaat wat gehuil en gesmeek het vir My om te bly, om jou Gas te kom wees omdat jy My genooi het. Ek het hulle wat honger en dors was, verlaat, om na jou toe te kom. En Ek was net betyds hier," soos Hy in hierdie laaste dae is: "Ek was hier net op die regte tyd, maar toe Ek gearriveer het, het niemand My voete gewas nie, hulle was nie gewillig nie. En toe was daar niemand wat My hoof gesalf het nie, daar was niemand om—om—om My hoof te salf, en om, en My nek, en om My gesig af te vee, sodat Ek voor die mense kon verskyn nie.

119 "En, Simon, toe Ek by die deur ingegaan het, het jy nie daar gestaan om My welkom te soen nie. Jy het nie daar gestaan nie, Simon, jy was te geïnteresseerd in die nuwe bouprogram en party dinge wat jy aan die gang het, jy was te geïnteresseerd om meer lidmate in jou vereniging te kry. Jy was nie daar om My te soen nie. Julle was skaam vir My voor hierdie geselskap, jy was nie daar om—om My te verwelkom, om My in jou hart te soen, om My te verwelkom nie. Maar vandat Ek . . . hierdie vrou ingekom het," (Hy het geweet wie sy was. Nou, wat van die Profeet?) "sy

het die heeltyd My voete gesoen, sy het nie opgehou nie, maar sy het gesoen, gesoen, My voete gesoen. Jy het My nie enige water gegee om My voete mee te was nie, maar sy het hulle gewas met haar trane. Jy het My nie enige *salf* gegee nie, maar sy het My voortdurend gesalf vandat Ek hierbinne was. En ek weet sy's 'n vrou van die verkeerde soort, maar Ek sê vir jou . . . " O, hoe Hy Simon uitgeskel het, hoe hy tereggewys is!

120 Nou draai Hy na haar, en Sy oë flits op haar. En, o, laat my dit hoor, laat dit wees—laat dit wees wat Hy vir my sê op die Dag: "Julle was die een wat My genooi het, julle kerklidmate, julle het My genooi, maar julle het My nie verwelkom nie. Julle het nie My voete gewas nie, julle het My niks gegee om Myself mee skoon te maak nie, julle het My nie die geleentheid gegee om deur julle te praat, en om ander dinge te doen nie. Julle wou dit nie doen nie, want julle was skaam vir My. Julle laat My in die hoek sit met vuil voete, maar hierdie vrou het voortdurend My voete gewas met die trane van haar oë, daardie pragtige kristalwater van belydenis, het hulle afgevee met die hare van haar hoof. Voorwaar Ek sê vir jou, haar sondes, wat baie was, is haar almal vergewe."

121 Dis wat ek wil hê Hy moet vir my sê: "Jou sondes, wat baie was, is jou alles vergewe." Ek wil nie deftig wees nie, wil nie aan enige *so-en-so* behoort nie, so hulle sê: "Hy het *hieraan* behoort," Ek wil net my lewe neem en Sy voete was, wat ek oor het. Op daardie Dag, wil ek Hom hoor sê: "Jou sondes, wat baie was, is almal vergewe."

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

122 Ons is by hierdie ontbyt vanmôre, genooide gaste, en Jesus is hier, in dankbaarheid is oë nat, vee sakdoeke oë af. Wat is dit? Dis Jésus in die vorm van die Heilige Gees.

123 O, Simon, of vroutjie of man wat Hom nog nooit aanvaar het nie, hoekom doen julle dit nie nou nie? Hierdie is julle geleentheid. Terwyl ons bid, waar is jy? Hy sien jou, Hy ken jou hart. Terwyl elke oog toe is, en hoofde gebuig is, hierdie groot oomblik, hoeveel hierbinne wat Hom nie ken nie, wat net graag wil sê: "Here Jesus, ek wil graag U voete was vanmôre met my belydenis." [Leë kol op band—Red.] Wil jy jou hand sommer vinnig opglip, en sê: "Bid vir my, Broer Branham"?

God seën jou, God seën jou. God seën jou, seën jou. Ander sou julle hand opsteek, sê . . . God seën jou. God seën jou, jou, jou.

124 Ander agter aan my regterkant, glip jou hand op, sê: "Jésus, O Jésus, U is my Here! Ek het al baiekeer gestaan wanneer ek skaam was vir U. Ek het mense U Naam ydelik hoor gebruik, ek—ek was selfs skaam om enigiets daaroor te sê, ek's jammer ek het dit gedoen, Jésus. Ek bely, sal U my nie ontvang nie?" Sal jy jou hand opsteek, sê: "Onthou my, Broer Branham," terwyl jy bid?

125 Agter aan my regterkant, oorkant in die gehoor, sien ek julle hande. God seën julle. God seën jou, dame. God seën jou, Suster. God seën jou, Broer. God seën jou, Suster. God seën jou, nog een. God seën jou, Broer. God seën jou, Broer. Kan daar nog meer wees? Steek net julle hande op, en laat hulle sak.

Net reg voor my nou, God seën jou. God seën julle. "Jésus!" God seën jou, ja, meneer. God seën jou. God seën jou.

126 Aan my linkerkant, God seën jou, meneer. God seën jou. Die Here seën jou, Suster. God seën jou, ver agter daaragter. God seën jou, ja, ek sien jou, amper agter die skaduwee daar, maar God sien jou. God seën jou. Regoor die gebou: "Jésus, vanmôre bely ek."

127 Hoeveel van julle kerklidmate nou? Nadat omtrent dertig of veertig sondaars hulle hande opgesteek het, wat van julle kerklidmate wat die geleentheid voor ander gehad het om die Naam van Jesus te noem, maar jy was skaam, en jou kop weggedraai, en weggestap? Ons praat van Goddelike genesing of Sy krag, is jy net 'n bietjie skaam om te sê: "Ek's 'n Pinkster." Jy sê: "Jésus, ek laat U ook daar sit, maar ek sal dit nooit weer doen nie. Ek is belydend, laat my U voete was, Jésus."

128 Laat die kerklidmaat hulle hand opsteek wat skaam is, en . . . God seën jou. God seën . . . Dis ware belydenis. God seën jou, dis goed. God seën jou. God seën jou. Ja, ja. God seën julle. God seën julle, oral rondom. Lidmate, ja, God seën julle. "Die geleentheid laat verbygaan. Ek was skaam, dit was my baas, of dit was my buurman, en—en hulle het slegte goed van die diens gesê, maar ek het niks gesê nie, ek het net stilgebly en aangegaan. Maar hiervanaf aan, sal ek dit nie doen nie, ek gaan staan vir die Naam van Jesus, ek gaan dit doen. Jésus, ek wil . . . Ek wil hê U moet my neem vanmôre, ek wil U hê, vir my sê ek is vergewe." Dis goed. God wees met julle.

Terwyl ons ons hoofde gebuig het, en ek wil hê julle moet in julle hart bely:

> . . . van een donker vlek,
> Aan U, Wie se Bloed elke vlek kan reinig,
> O Lam van God, ek kom! Ek kom!
>
> Net soos ek is, sal U . . .

Hy sal jou nooit weier nie.

> . . . ontvang;
> Sal verwelkom . . .

Ons sondes wat baie is, is almal vergewe.

> . . . reinig, ontvang;
> Want ek belowe ek glo,
> O Lam . . . God, ek kom! Ek kom!

[Broer Branham neurie—Red.]

129 Jésus, baie hierbinne vanmôre het herken dat hulle U laat sit het, hulle het by U verbygegaan, maar hulle sal dit nie meer doen nie, Here, nooit weer nie, hulle sal hierdie klein kafeteria in hierdie skoolkamer onthou, Jésus het verbygegaan. Hulle het belowe hulle sou glo, hulle wou onthou word in gebed. Hulle het hulle hande opgesteek na God, gesê dat "Ek—ek—ek glo nou, ek gee oor, Here. Ek's—ek's klaar met die lewe van ongeloof, ek kom nou as U dienskneg."

130 Baie mense, ek het selfs predikers hulle hande sien opsteek, dat hulle skaam was vir die geleenthede wat hulle gehad het om te getuig, die dinge wat hulle gedoen het, kerklidmate, maar tog traag. Vergewe ons almal van daardie sonde, Here. Vergewe ons daarvan, dat ons van hier af 'n beter persoon kan gaan, in die wete dat. . .

131 Ons het U hierheen genooi vanmôre, ons het U genooi, Chicago, kom na hierdie diens saam met ons. Aand na aand, dag na dag, sien ons U groot hand beweeg onder ons, ons weet dis U. En ons is so dankbaar, Here, ons—ons verwelkom U net, ons dank U net met ons hele hart.

132 Ons bid nou dat U hierdie mense sal seën. Mag hulle 'n goeie kerktuiste iewers vind, een of ander goeie Volle Evangelie kerk, U diensknegte word en lewe vir U tot daardie Dag wanneer ons weer ontmoet. Ons mag nooit weer by nog 'n ontbyt ontmoet nie, maar ons sal—ons sal een of ander Aand ontmoet by 'n Avondmaal, die Bruilofsmaal.

133 Ek bid, God, tot daardie tyd, dat die genade van God ons genoegsame krag en getuienis sal gee om ons God te prys, en om vir Hom te lewe en nooit skaam te wees vir Hom nie, want ek gee hierdie mense aan U, in die Naam van Jesus Christus, myself saam met hulle, Here. Ek bied myself aan as 'n diens, hier is ek, Here, nadat ek vir hulle ingetree het, neem ons lewens saam, laat hulle gebruik word vir 'n afveedoek, Here, vir U voete, net 'n voetdoek, enigiets, Here, enigiets. Maak nie saak wat die mense van ons sê nie, laat ons lewe, en lewe vir Jesus, wat ons harte gewas het vanmôre met vergifnis van ons sondes. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy eerste liefgehad het. . . (Bedoel jy dit
> met jou hele hart?)
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

Laat ons nou ons hande opsteek en dit sing.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

134 Nou, laat ons net, in soetheid van gemeenskap, reguit omdraai, terwyl ons dit weer sing, en handskud met iemand langs jou, sê: “Gegroet, medeburger van die Koninkryk.”

135 Daardie mense wat julle hande opgesteek het, maak seker dat julle iemand anders se hand skud, sê: “Ek was een wat my hand opgesteek het. Kan ek na jou kerk toe gaan?” Of nooi hulle uit as hulle dit vir jou sê, doen dit.

136 Vind een of ander goeie prediker wat jou sal doop in die gemeenskap van gelowiges, en daar sal God jou doop met die Heilige Gees. Laat ons vir Hom lewe die res van ons dae, maak nie saak wat die prys is nie, ons gee nie om nie, ons verleë is, of wat ook al daaroor, net daardie regte lewe en lewe vir Jesus.

Ek het Hom lief, (God seën jou, Joseph.) ek het
Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

Almal wat dit regtig bedoel, steek nou julle hand op.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

61-0429B Een Van Die Wreedste Mans In Die Stad
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org